Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 4 Augustus 1948 No. 37

# Wes-Kaapland Trek Reg Vir O.B.-Dagfeeste

**Die kommando's in die Westelike Provinsie openbaar groot ywer en geesdrif vir Ossewabrandwagdag, en daar is reeds aanduidings dat daar vanjaar — die tiende verjaardag van die Beweging — aansteeklike besieling van die 8-Augustus-funksies sal uitgaan. Etlike kommando's spog reeds met groter bedrae as verledejaar.**

Die Paarlse kommando's gaan op 26 Augustus 'n dinee in die stadsaal aanbied. By dié geleentheid sal die K.G. die eregas wees en sal die Gebiedsleier, dr. F. D. du T. van Zyl die heildronk instel op die tien jaar oue Beweging en sy leier. Verwag word dat honderde gaste om die tafels sal aansit.

Op 16 Augustus vier die Skiereilandse kommando fees in die Ebenezersaal op Maitland. As sprekers sal optree Gebiedsleier dr. Van Zyl, die Gebiedsvrou, dr. Erika Theron, en ds. J. D. Vorster. Die Kaapstadse O.B.-blaasorkes sal musiek verskaf.

Montagu en Wellington se kommando's hou hul funksies onderskeidelik op 7 en 11 Augustus. Die Gebiedsvrou, dr. Erika Theron sal die woord op albei plekke voer.

Die kommando van Merweville het 'n daglange verskeidenheidsfees gereël vir 14 Augustus. As spreker sal optree genl. J. de Vos van Kaapstad.

### NA CLANWILLIAM

Die Gebiedsleier sal vanjaar ook die Clanwilliamse kommando's besoek en die fees aldaar open op 4 September. Genl. W. R. Laubscher sal op 21 Augustus op Breërivier optree wanneer die kommando's aldaar feesvier. Die Gansbaaise kommando het reeds besluit om op 9 Oktober fees te vier wanneer genl. Laubscher die hoofspreker aldaar sal wees.



Dr. F. D. du T. van Zyl.

Op 21 Augustus gaan die kommando's van Caledon feesvier. Die basaar sal in die oggend om elfuur in die Blomskuur geopen word deur hoofgenl. Max Smuts. In die aand sal die Gebiedsleier, dr. F. D. du T. van Zyl en 'n Afrikanerparty L.V. 'n vergadering in die stadsaal toespreek. Die Kaapstadse O.B.-blaasorkes sal die verrigtinge met musiek opluister.

# BRANDVLEI SLAAN REKORD MET O.B.-DAG

**Die O.B.-kommando van Brandvlei (A20b1) het reeds hul O.B.-dagfunksie gehou en ruim £100 meer ingesamel as verlede jaar. Die totale opbrengs was £162 teenoor bietjie meer as £50 wat verlede jaar ingesamel is.**

Die funksie het op 1 Julie plaasgevind op die plaas van hfgenl. W. P. Burger en is vroeër as gewoonlik gehou weens die skoolvakansie en omdat dit die verjaardag van genl. S. Nel was.

Die kommando het reeds vroeg die môre bymekaar gekom en die funksie is met gebed en 'n psalmvers geopen. Tenspyte van die feit dat genl. Burger weens ongesteldheid nie kon deelneem nie, was die Brandwagte besonder geesdriftig. Gedurende die dag is daar ook jukskei gespeel en 16 skape is teen meer as £94 verkoop.

Gedurende die aand het genl. S. Nel die aanwesiges toegespreek en hulle aangemaan tot samewerking en eenheid. Die funksie is afgesluit met die volkslied. Daarna is daar volkspele gespeel. Brandvlei val onder die generaalskap van genl. Schalk Nel wat 'n tyd gelede afgestig is van die Calvinia-afdeling, en ressorteer onder die veteraan-leier hfgenl. W. P. (Wit Jack) Burger.—(Korr.)

## Verslag van Sitting

**'n Verslag van die Grootraadsitting met besonderhede oor besluite betreffende die organisasie in sy verskillende vertakkinge, verskyn op bladsy agt.**

# ALLE O.B.-KRAGTE WORD BY A.P. INGESKAKEL

**Op 'n buitengewone sitting het die Grootraad verlede Woensdag in Johannesburg besluit om by alle lede van die Ossewabrandwag dringend aan te beveel om onverwyld by die Afrikanerparty aan te sluit sodat hulle in die komende maande aktief ingeskakel kan wees in die parlementêre stryd ten einde te verseker dat die liberalistiese en kommunistiese magte nie weer die bewind in hande kry nie. Die inskakeling geskied sonder verloëning van die Ossewabrandwag of sy ideale.**

**Die besluit lui:**

**Die Ossewabrandwag besef dat hy 'n roeping het in die geskiedenis van die Afrikanervolk en hy is bereid om daardie roeping te dien. Dit vereis dat hy onder alle omstandighede sy identiteit moet behou tot tyd en wyl dat die roeping vervul is en verder dat hy onder geen omstandighede sy ideaal van 'n uiteindelike partylose republiek mag verloën nie, en hom sal beywer daarvoor dat so 'n staat uiteindelik deur die algemene volkstem verwesenlik sal word.**

Behoudens bogenoemde twee vereistes was hy steeds en is hy ook vandag volkome gereed om alle kragte tot sy beskikking in te werp in die Afrikaner se stryd. Ook waar die stryd op parlementêre terrein geleë is.



Die K.G., dr. Hans van Rensburg

Die afgelope verkiesing het die land geleer wat deur Afrikanersamewerking behaal kan word. Jare lank het verdeeldheid ons strewe verydel en eers die aansienlike mate van samewerking wat in die verkiesing bereik is, het ons uit die moeras geesleep. Ook ons teenstanders, die „Liberaliste", wat die gevaarlike leerstellings van gelykheid tussen blank en nieblank bevorder, besef dat hulle met die eersvolgende verkiesing die terugslag moet uitwis, of die stryd vir lange jare gewonne gee. **Ons durf nie hul terugkeer toelaat nie omdat hul „liberalisme" slegs 'n dekmantel is vir anti-blanke doelstellings.**

### ELKE KRAG

**Kortom, 'n uiters kritieke tydstip vir ons volksbestaan lê voor, en die Grootraad voel dat dit gebiedend noodsaaklik is dat ELKE BESKIKBARE AFRIKANERKRAG AKTIEF in die komende kragsmeting ingeskakel word.**

Weliswaar is die stryd ook 'n partystryd, maar aan die een kant staan partye wat skakel (en deur die oorlog geskakel het) met die Kommunisme en met die leerstelling van gelykheid wat oor die wêreld rol, gelykheid wat in Suid-Afrika, weens die getalsoormag van die nie-blankes, alleenlik kan lei tot die ondergang van blank Suid-Afrika.

Aan die ander kant staan 'n bondgenootskap van twee partye van mede-Afrikaners wat, ongeag of hul Afrikaans- of Engelssprekend is, glo aan die lewensnoodsaaklikheid daarvan dat die gelykheidsgedagte bestry moet word en dat die komende verkiesing vir die blankes 'n bolwerk moet opwerp.

### ONMIDDELLIKE NOOD

Sonder om ons partylose ideaal enige afbreuk te wil doen, erken die Grootraad ook die onmiddellike nood en die verantwoordelikheid teenoor ons volk en die noodsaaklikheid om geen aktiewe krag in die stryd oningeskakel te laat nie.

**Nie net op die stemdag nie, dog ook in die organisatoriese stryd wat die stemdag vooraf moet gaan!**

## Ideale Word Nie Versaak

Om hierdie rede doen die Grootraad 'n baie dringende beroep op elke man en vrou in die Ossewabrandwag om, behoudens enige persoonlike gewetensbesware wat mag bestaan, onverwyld en in alle goeie trou lid te word van die Regeringsparty wat hulle **sonder diskriminasie en sonder verkragtiging van hul O.B.-eed 'n volle tuiste bied.**

### NET AFRIKANERPARTY

Hierdie tuiste is alleenlik in die Afrikanerparty te vinde, ingeskakel in die Regeringsfront en gelei na die gees van die Hertzog-beleid van „Suid-Afrika Eerste". **Om van hierdie oop deur nie gebruik te maak nie sou 'n gebrek aan erkentlikheid wees waaraan die lede van die Grootraad liefs nie skuldig sou wees nie.**

**Derhalwe, en as aanmoediging vir elke man en vrou in die Beweging, sluit die lede van die Grootraad — uitgesonder diegene wat gewetensbesware teen lidmaatskap van 'n politieke party het — sonder om hul verpligtings teenoor die Ossewabrandwag te misken of te versaak, as individue by die Afrikanerparty aan.**

## Stel Pragtige Voorbeeld

**Mnr. D. F. de Swardt, .K. Uitenhage, skryf: Tot sover het ek nou sewe intekenare gewerf. raag wil ek u vriendelik ersoek om nie die koent gratis aan my te tuur nie, maar vir elke ses intekenare wat ek werf, sal ek die adres stuur van een van ons behoeftige kamerade aan wie u dan die blad 'n jaar gratis kan stuur."**

**'n Voorbeeld wat navolging verdien, sowel wat ... en onbaatsugtigheid**

## A.P.-TAK GESTIG OP GANSBAAI

'n Geesdriftige tak van die Afrikanerparty is verlede week op Gansbaai gestig. Tot voorsitter is gekies mnr. M. C. Franken, onder-voorsitster mev. A. E. v. d. Merwe en sekretaris mnr. J. P. le Roux. Bestuurslede is mev. S. Otto en mnr. C. J. H. Franken. Heelwat lede is reeds ingeskryf en 'n werwingsveldtog is in volle swang.

## RUSSE MONSTER KRAGTE

**Vier Russiese eenhede bestaande uit 330,000 soldate is die afgelope dae besig met militêre oefeninge in Russies-Duitsland. Talle Russiese tenks wat 62 ton weeg, neem aan die oefeninge deel.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Maatskappy Gestig Vir Voetballotery

**Lotery oor die uitslae van voetbalwedstryde wat vyf maande gelede in Kaapstad begin het, sal eersdaags oor die hele Unie versprei wees as gevolg van die planne van 'n pas gestigte maatskappy.** Tans is dit reeds moontlik om meer as £2,400 vir 3d. te wen. Omdat die polisie se hande afgekap is weens gebrekkige wetgewing, gaan die dobbelary lustig voort en sal dit nie meer lank wees voordat dit dieselfde omvang aanneem as wat dit in Brittanje die geval is nie.

**In Brittanje het 'n man onlangs meer as £61,000 gewen vir 'n pennie. Inderdaad word voetbalpoele in Brittanje onder die eerste tien groot ondernemings in die land getel. Verlede voetbalseisoen was die omset van hierdie „bedryf" in Brittanje meer as £75,000,000. Tienduisende mense behartig die administrasie daarvan.**

*Maatskappyvergadering*

# VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

## Voorsittersrede op die Veertiende Algemene Ledevergadering, gehou te Pretoria op Vrydag, 16 Julie 1948

*Die Voorsitter, Dr. A. J. Stals, het gesê:*

Here,

Oor die algemeen is dit waar dat jaarstate aandag ontvang in direkte verhouding tot die deelneming van die instelling aan die ekonomiese lewe of struktuur van 'n land. Gevolglik moet ons na die mate van ons groei meer aandag en kritiek verwag. VOLKSKAS se jaarstate word van verskillende hoeke betrag en beoordeel, en gevolglik met verskillende gevoelens ontvang. Dit is nie alleen die gevolg van die publisiteit wat ons in die afgelope jaar gehad het van vriende en vyande nie. Van tyd tot tyd het ons diensmotiewe op die voorgrond gestel, en dit sal getoets word; die huidige tydstip met sy snel wissellende fasette op ekonomiese terrein, veral die stygende inflasionêre tendens, dwing handel en nywerheid om op banke te let; beleggers en aandeelhouers verwag buitengewone omsigtigheid in belang van veiligheid en likwiditeit; onder die snelle tempo van nywerheidsontwikkeling verlang vriende, miskien onbewus, dat die Bank 'n rol sal speel in die bevordering en versekering van gesonde groei. Ek beskou dit dus gewens dat ons Bank die één geleentheid in die jaar sal gebruik om sy posisie in die samelewing te skets.

Ons aandeelhouers verwag egter eers die sekerheid dat dit alles wel is met die Bank, en dat hulle verwagtinge omtrent die verwesenliking van ons volksdiens nie teleurgestel word nie. In hierdie verband dan eers 'n paar opmerkinge oor ons state. Aan die Lastekant van die state sien u dat die uitgereikte kapitaal van £1,246,034 feitlik in geheel gestort is. Die Algemene Reserwe het aan die einde van die boekjaar op £75,000 gestaan, maar hierdie bedrag moet saam gesien word met die bedrag van £36,000 wat ongeallokeerd tot die inkomste van die lopende jaar toegevoeg word. Ons gebeurlikheidsreserwe, hoewel nie gemeld nie, vergelyk baie gunstig met ons risiko's. Die beleggende publiek het op 31 Maart 1948, afgesien van kapitaal, £13.23 miljoen aan deposito's gehad onder die verskillende benaminge. Vergelyk hiermee deposito's op 30 Junie 1947, nege maande tevore, van £11.81 miljoen en £13.93 miljoen op 31 Mei 1948 — twee maande later £14.16 miljoen op 8 Julie 1948.

Ons totale bate op 31 Maart 1948 was £15.39 miljoen in vergelyking met £13.50 miljoen twaalf maande tevore. Hoofsaaklik het dit bestaan uit (1) voorskotte van £8.26 miljoen nadat die aansienlike gebeurlikheidsreserwe van die uitstaande bedrae afgetrek is; (2) kontant en tjeks op ander banke tot £3.29 miljoen, (3) beleggings £2.41 miljoen, (4) vaste eiendom en uitrusting £0.75 miljoen, en (5) verpligtings onder garansies £0.42 miljoen.

In verband met vaste eiendom val op te merk dat die Bank nou sy eie persele het in al die hoofstede en groter stede soos Johannesburg, Kimberley, en in al die groter kusstede—Durban, Oos-Londen en Port Elizabeth. Ook op sommige plattelandse dorpe.

Ons wisselhandel, hoewel nog relatief klein, openbaar tog 'n bevredigende groei. Dit reflekteer ons toenemende aandeel in die handel.

Dit is nodig dat van tyd tot tyd beklemtoon word dat toenemende bedrae van ons fondse onbelê bly. Aandeelhouers, en dikwels ander kritici, besef nie altyd dat die Bankwet vereis dat 10% van onmiddellik opeisbare deposito's en 3% van termyn deposito's by die Reserwebank, sonder enige rendement moet belê word nie — wat die Statutêre Reserwe genoem word. Uit die opgawes sal u opmerk dat daar £2.50 miljoen by die jaarsluiting in die S.A. Reserwebank was. Hiervan was £1.16 miljoen statutêre reserwes en £1.34 miljoen kontant vir lopende behoeftes. U moet aanvaar dat gemiddeld 20% van ons fondse onbelegd bly. So was dit op 31 Maart 19.11%, op 30 April 20.21%, en op 31 Mei 22.9%. Aandeelhouers moet in gedagte hou dat inkomste vir die Bank slegs uit die belegde fondse, benewens dienste, kan gemaak word. Maar die posisie word nog minder gunstig as ons besef dat 'n verdere 20-25% slegs in likwide bate — hoofsaaklik staatseffekte — belê word teen betreklik lae rentekoerse. Die ou legende dat banke fabelagtige winste maak is vandag net 'n fabel. Die beperkinge, die mededinging, die stygende koste van die bankpraktyk, het vir goed 'n einde gemaak aan groot winste. Dit sal miskien vir u 'n ontnugtering wees om te let op die verhouding tussen netto bedryfswinste en dié behaal uit vaste-eiendom verkopings.

Ons likwiditeit, wat ewigdurende waaksaamheid vereis, net soos die prys van vryheid is nog altyd baie bevredigend. Hierby moet in gedagte gehou word dat aansoeke om veilige en voordelige beleggings sodanig is dat die likwiditeit alleen as gevolg van 'n vaste beleid gehandhaaf kan word.

Ons maak nog steeds aanspraak op volksdiens. Daarteenoor word ons ook bestempel as 'n bloot kapitalistiese instelling. Wat is ons antwoord? Ek beweer:

(1) Deur ons Bank se deelname aan die krediethandel dra ons direk by tot die volkswelvaart, deur spaarsin aan te moedig, kapitaal te mobiliseer, en die volksbedrywigheid te bevrug of aktiviseer.

(2) Deur ons optrede dra ons meer direk by tot die selfbewustheid en ekonomiese selfstandigheid van die bevolkingsdeel wat van ons dienste gebruik maak.

(3) As suiwer nasionale instelling met 100% Afrikaanse kapitaal, gee ons aan ons bedryfslewe 'n nasionale karakter wat dit nooit voorheen gehad het nie.

(4) Deur die omvang van ons kliëntele lewer ons dienste aan bevolkingsgroepe wat in die ou betekenis nie eintlik bankkliënte was nie. Ons kan met reg die vyand van die klein geldskieter beskou word.

(5) Deur ons deelname aan die internasionale devisehandel het ons aan die Boerevolk 'n ereplek verower in die finansiële wêreld.

(6) Eindelik in toenemende mate word ons die finansiële kern van 'n nasionale ekonomiese struktuur.

Ons binnelandse ekonomie toon 'n verwarrende beeld. Ons volksinkomste toon 'n voortdurende styging — so word £704 miljoen beraam vir 1946/47 — maar hiernaas is daar nog steeds 'n stygende lewenskoste, of m.a.w. 'n depresiasie van die betaalmiddel. Voedselpryse het gestyg van 100 in 1938 tot 154.4 in Januarie 1948. Lewenskoste oor die algemeen het gestyg van 100 in 1938 tot 141.8 in Januarie 1948. In Meimaand was die styging tot 46% volgens aankondiging in die pers. Namate die lewenskoste styg en die indiwiduele inkomste nie in gelyke mate styg nie, moet die betrokke groepe hulle lewensstandaard verlaag, of moet dié wat geld gespaar het, hulle lewenskoste met spaargeld aanvul. In hierdie verband is dit van belang om op te merk die daling in die spaarbeleggings in die Posspaarbank en in Unie-leningsertifikate. Ek wil nie beweer dat die onttrekkings uitsluitlik vir verbruikersgoedere aangewend word nie. Ek wil egter beweer dat ek glo dat die voortdurende styging in lewenskoste met die onttrekkings in verband staan. Wat die Posspaarbank betref, het die inleggings jaarliks gestyg vanaf 1940 tot Maart 1946 van £22.7 miljoen tot £84.26 miljoen. Van toe af toon dit 'n gestadige daling tot aan Desember 1947 toe dit £80.84 miljoen was. Dieselfde proses het plaasgevind in die beleggings in Unie-leningsertifikate — wat tussen 31 Maart 1946 tot 31 Desember 1947 'n vermindering toon van £37.81 miljoen tot £32.37 miljoen. Hierdie neiging duur nog voort.

Naas ons nasionale inkomste het nagenoeg £100 miljoen kapitaal van oorsee af ingevloei. Tot so 'n mate het fondse in Londen opgehoop as gevolg van oorplasings van kapitaal dat die Staat stappe moes neem teen die instroming van kapitaal wat nie vir permanente beleggings bedoel was nie.

Teenoor die instroming van kapitaal moet gestel word die goudlening aan Engeland van £80 miljoen en die gedurige uitvoer van goud in aanvullende vereffening van ons geweldige invoere. Dié uitvloei het nou so 'n stadium bereik dat dit die ernstige aandag vereis van almal wat ernstig belangstel in ons handelsverhoudinge en in ons betaalmiddel.

Ons internasionale handel toon 'n ernstige steuring in die balansering. Die uitvoersyfers — goud inbegrepe — vir 1945, 1946 en 1947 is as volg: £139,000,000, £205,000,000 en £236,000,000. Ons invoersyfers daarenteen vir dieselfde jare was as volg: £102,000,000, £201,000,000 en £278,000,000. Vir 1947 het ons dus 'n nadelige handelsbalans gehad van £42,000,000 en dit sonder regeringsinvoer en dienste van oorsee. Die proses duur voort. Die Unie betaal gedeeltelik vir sy invoer deur kapitaal invoer, in ruil waarvoor Unie-burgers en die Staat van hulle bate aan immigrante, of oorsese eienaars van vlugkapitaal, oormaak. Die posisie kan baie ernstig word. Dit bring ons voor die vraag van wat nou? Middele wat oorweging mag geniet is—

(a) devise-kontrole of invoerbeperking,

(b) kredietkontrole — vrywillige of gedwonge,

(c) verdere aanmoediging van oorsese kapitaal om die land in te kom met al sy implikasies, of

(d) ewentuele lenings oorsee, na die voorbeeld van Europa.

Daar bly natuurlik nog ander middels. Veral vir ons Bank, wat homself geheel ten dienste van Suid-Afrika stel, is hierdie verskynsels van meer as tydelike belang. Ons Bank moet aktief deelneem aan die herstel van balans in ons ekonomiese verhouding, deur kredietreëling en opvoeding.

As ons aanneem dat die voorgaande steuring van verbygaande aard is wat sal regkom, of reg gemaak word, dan bied ons binnelandse toestande geen sorg vir die naaste toekoms nie.

Ons Landboutoestande en oeste is gunstig. Ons koringoes was goed; ons mielie-oes beloof 'n opbrengs van oor die 30 miljoen sak, wat ons in staat sal stel om dit as ruilmiddel te gebruik. Die wolopbrengs was die beste vir jare. Ons uitvoer van bederfbare produkte was lonend.

Ons mynbedryf, ten spyte van stygende produksiekoste, floreer nog steeds. Ons goudmynopbrengs is oor ± £100 miljoen per jaar. Die Vrystaatse goudvelde vorder met ontwikkelingswerke. Ons diamante-opbrengs vir 1946 was £10.7 miljoen, steenkool in 1946 £8.73 miljoen. Uitsluitend goud, was ons totale opbrengs van minerale in 1946 £46.27 miljoen.

Ons bedrywe belewe, met uitsondering van die skoeiselnywerheid en klerenywerheid, 'n hoog konjunktuur tydperk. In 1946 is 3,822 maatskappye (Unie) geregistreer met kapitaal van £103.77 miljoen; in 1947 is 3,741 geregistreer met £98.29 miljoen kapitaal, en daarby nog groot vermeerderings van kapitaal. Die opbrengs van een afdeling, nl. voedselverwerkingsbedryf, word geskat op meer as £31 miljoen vir hierdie jaar.

Ons geld in omloop styg nog steeds, maar daar was egter 'n klein vermindering in April.

Met hierdie toestande, hoe onbestendig 'n na-oorlogse konjunktuur ook mag wees, is daar geen wolk aan die horison wat ons met kommer moet vervul nie. Die toestande kan nie onbepaald voortduur nie. Hierdie geslag het reeds twee groot depressies beleef.

Die buitelandse toestand bly nog steeds sorgwekkend. Die lande wat ons vernaamste afnemers was en is, staan voor 'n donker toekoms. Tog bied die Internasionale handelsooreenkoms van Geneva en Havana meer hoop vir bestendiger en gunstiger handelstoestande.

Hoewel ons dus met dankbaarheid op die afgelope boekjaar mag terugkyk, en die vooruitsigte nog redelik stabiel en kommerloos voorkom, moet daar geen afwyking wees van ons beleid van „Veiligheid Eerste" nie. Met die beperkinge op tradisionele bankterrein vir verkryging van inkomste vir die aandeelhouers, mag daar die neiging bestaan om minder beproefde velde te ontgin. Ons moet sulke neiginge tog allereers deeglik ondersoek voor ons nuwe seë bevaar. Ons is in diens van 'n klein land en volk, maar wat groot ontwikkelingsmoontlikhede besit. Ons durf ons aan geen skokke blootstel nie. Ons toekoms lê in „versigtige diens".

Waar ons met vrymoedigheid ons aandeelhouers ontmoet daar dink ons met dankbaarheid aan die honderde amptenare wat so getrou en toegewyd gewerk het in belang van land, volk en aandeelhouers. Namens die maatskappy my innige dank en waardering. Die Hoofbestuurder met sy verantwoordelikheid, wat gedeel word deur die senior staf — voorskotte en rekeninge — verdien ons dank vir wat hulle verrig het. Vir elke afdeling en takkantoor van die Bank met die betrokke personeel geld dieselfde.

Eersdaags moet ek my verband met VOLKSKAS BEPERK verbreek. Dit sal 'n pynlike operasie wees. Vir nege jaar het ek met genot saamgewerk met die stigters voor my, en met medewerkers. Ek het die voorreg gehad om met die troffel in die hand saam te bou met die honderde van amptenare van die Bank. Ons was een familie, nie 'n vakunie nie. Ons was broers en susters. By die afskeid my dank en my seënwense aan almal wat verantwoordelikheid moet neem, my beste wense en vertroue in die personeel van VOLKSKAS met sy hoë tradisie. Mag VOLKSKAS voortgaan om te groei in die gees waarin hy ontstaan het.

Gods seën op VOLKSKAS en almal wat hom dien.

Ek stel nou formeel voor dat die finansiële state van die Maatskappy aangeneem word.

Gesekondeer deur mnr. G. van Rooyen is hierdie voorstel eenpariglik aangeneem, en verder is onder andere deur die vergadering besluit dat die aftredende direkteure, prof. dr. J. P. van der Merwe en mnre. A. J. Bosman en W. Bührmann herkies word en dat die firmas Taylor en Geerling, en Hoek, Wiehahn en Vennote as ouditeure vir die lopende boekjaar aangestel word.

---

*Die volgende is 'n weergawe van die verslag van die Raad van Direkteure wat tesame met die finansiële state vooraf aan aandeelhouers gesirkuleer is:*

### VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE OOR DIE BOEKJAAR GEËINDIG 31 MAART 1948

Aan die Lede,

Dit is vir u direksie 'n genoeë om hiermee verslag te doen oor die dertiende boekjaar van u Bank wat op 31 Maart 1948 afgesluit is.

Veral is dit aangenaam om te rapporteer dat gedurende die afgelope boekjaar weer etlike mylpale bereik is waarvan onder andere vermelding verdien dat VOLKSKAS op 27 Junie 1947 gelyktydig met ander handelsbanke as 'n Handelsbank onder die Bankwet van 1942 geregistreer is en dat ons Instelling op 20 Oktober 1947 as volmondige lid tot die Verrekeningskantoor toegetree het. Wat bedryfsomvang betref, toon vergelykings van die meeste poste besondere stygings. Ons

# VOLKSKAS

(vervolg)

noem veral dat lopende-, deposito- en ander rekenings met bykans twee miljoen pond gestyg het terwyl voorskotte met meer as negehonderd-duisend pond verhoog is.

Die volgende nuwe takkantore is gedurende die afgelope jaar geopen: Clocolan, Ceres, Vrede, Vryburg en Ficksburg, wat ons aantal takke op 31 Maart 1948 op 58 te staan bring. Die uitbouing van ons Instelling vind nog geleidelik plaas en met inagneming van die besondere huidige ekonomiese toestande en die moeilikhede wat ondervind word in verband met die boubedryf en huurmaatreëls en daarby die verkryging van geskikte persele, en tot 'n ruim mate ook personeel-tekort, kan hierdie vordering as bevredigend beskryf word. Die uitbreiding wat bewerkstellig is, kan as gesonde groei beskou word, met konsolidering van die posisie wat reeds verkry is, as 'n verdere kenmerk.

Dit is ons ook 'n genoeë om u mee te deel dat daar gedurende Julie 1946 'n aanvang gemaak is met VOLKSKAS se nuwe gebou in Johannesburg, en dat die werk daaraan verbonde goed vorder.

Die Bank se Devise-afdeling wat gedurende 1946 en begin 1947 ingestel is, funksioneer met welslae, en die omvang van die besondere afdeling se bedrywighede is aansienlik uitgebrei en groei daagliks aan.

### KAPITAAL, RESERWES EN WINSVERDELING

Die gemagtigde aandelekapitaal van ons Bank beloop tans 1,500,000 aandele van £1 elk, waarvan 1,246,034 aandele uitgereik is waarop daar nog 'n bedrag van £9,284/13/- verskuldig is.

Nadat voorsiening gemaak is vir administrasiekoste, afskrywings en voorsiening vir slegte skulde, inkomstebelasting en oordrag na gebeurlikheidsreserwe, beloop die saldo wat vir verdeling beskikbaar is £99,096/6/2, plus 'n bedrag van £9,664/6/11d. oorgedra van die vorige boekjaar. U direksie beveel met genoeë aan dat 'n diwidend van 5% op gestorte kapitaal uitgekeer word waarvoor £60,187/16/5 opsy gesit sal moet word, en dat die algemene reserwe verhoog word na £75,000.

### DIREKSIE

Op die vorige algemene jaarvergadering het vier direkteure, naamlik mnre. J. H. Greijbe, P. J. Hugo, J. E. Reeler en S. J. Naude, afgetree en hulle is herkies. Op die eerskomende jaarvergadering sal prof. dr. J. P. van der Merwe en mnre. A. J. Bosman en W. Bührmann volgens Statute aftree en u sal gevra word om drie direkteure in hulle plekke te kies. Aftredende direkteure is herkiesbaar.

### OUDITEURE

Op die vorige jaarvergadering is die firmas Taylor en Geerling, en Hoek, Wiehahn en Vennote tot ouditeure benoem. Op die eerskomende jaarvergadering sal u gevra word om die ouditeure se vergoeding vir dienste goed te keur en ouditeure vir die lopende boekjaar te benoem.

### WAARDERING

U direksie wil graag langs hierdie weg sy heelhartige waardering oorbring aan lede en ondersteuners wat gedurende die afgelope boekjaar bygedra het tot die verdere uitbouing van ons Bank. Ons wil ook graag 'n woord van hartlike dank betuig aan die ouditeure, Hoofbestuurder en die personeel vir die getroue uitvoering van hulle pligte en hul onvermoeide ywer in belang van die Bank.

Dienswillig die uwe,

W. BÜHRMANN,
A. HERTZOG,
(Namens die Direksie).

## BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 1948

### BATE

| | £ s. d. | £ s. d. |
|---|---|---|
| **Kontant:** | | |
| Op hande en in Transito ... ... | 352,511 11 8 | |
| Suid-Afrikaanse Reserwebank | 2,496,377 15 11 | |
| | | 2,848,889 7 7 |
| **Remise in Transito:** | | |
| TJEKS VAN ANDER BANKE: | | |
| Op hande en in Transito ... ... | 299,764 10 3 | |
| Ingehandig vir Inkasso ... ... | 137,133 5 4 | |
| | | 436,897 15 7 |
| **Beleggings:** | | |
| Plaaslik Geregistreerde Effekte en Skatkisbiljette ... ... ... ... | 2,376,280 7 0 | |
| Bouvereniging: Vaste Deposito's | 24,210 9 6 | |
| S.A. Reserwebank Effekte (teen kosprys) ... ... ... ... | 14,339 2 6 | |
| | | 2,414,829 19 0 |
| | | 5,700,617 2 2 |
| **Verdiskonteerde Wissels** ... ... ... | | 252,404 1 10 |
| **Voorskotte aan Kliënte en ander Rekeninge:** | | |
| Min: Voorsienings en Gebeurlikheidsreserwe ... ... ... | | 8,262,766 4 8 |
| **Kliënte se verpligtings onder Garansies, Kredietbriewe en Akseptasies** ... ... ... ... ... | 687,012 2 10 | |
| Min: Kontant gestort ... ... ... | 268,883 1 6 | |
| | | 418,129 1 4 |
| **Vaste Bate:** | | |
| Bankgeboue teen Kosprys ... ... | 643,062 14 7 | |
| Aandele in Filiaal-eiendomsmaatskappy teen kosprys ... | 39,055 10 6 | |
| Kantooruitrusting teen kosprys min waardevermindering ... | 70,411 5 5 | |
| | | 752,529 10 6 |
| | | £15,386,446 0 6 |

(Get.) **W. BÜHRMANN,**
(Direkteur).

### LASTE

| | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. |
|---|---|---|---|
| **Lopende- Deposito- en Ander Rekeninge:** | | | |
| Vaste Deposito's ... ... ... ... ... | | 1,208,877 7 1 | |
| Beleggingsertifikate ... ... ... ... | | 2,227,974 11 8 | |
| Spaarrekeninge ... ... ... ... ... | | 2,058,852 5 6 | |
| Lopende- en ander Rekeninge insluitende Voorsiening vir Inkomstebelasting ... ... ... | | 7,739,285 10 6 | |
| | | | 13,234,989 14 9 |
| **Wissels uitgereik teen Takke en Agente** ... ... ... ... ... ... ... | | | 52,416 17 0 |
| **Verpligtings onder Garansies, Kredietbriewe en Akseptasies** | | | 687,012 2 10 |
| **Voorsiening vir Voorgestelde Diwidend** ... ... ... ... ... | | | 60,187 16 5 |
| **Kapitaal, Reserwes en Onverdeelde Wins:** | | | |
| **Gemagtigde Aandele Kapitaal** ... ... ... | £1,500,000 | | |
| **Uitgereikte Kapitaal:** | | | |
| 1,246,034 Aandele van £1 elk waarop gestort is ... ... ... | | 1,240,715 7 0 | |
| **Algemene Reserwe** | £69,171 5 0 | | |
| **Plus** Premie op Aandele ... ... ... | 5,828 15 0 | | |
| | | 75,000 0 0 | |
| Saldo Winsverdelingsrekening | | 36,124 2 6 | |
| | | | 1,351,839 9 6 |
| (Voorwaardelike aanspreeklikheid ten opsigte van die aankoop en aanbou van persele £175,575/10/4.) | | | |
| | | | £15,386,446 0 6 |

(Get.) **A. HERTZOG,**
(Direkteur).

Aan die Aandeelhouers van VOLKSKAS BEPERK:

Kragtens artikel 40 van die Bankwet 1942 rapporteer ons dat—

(1) Ons die boeke, rekenings en die bewysstukke van u Bank nagegaan het en die sekuriteite ondersoek het of oortuig is van die bestaan daarvan.
(2) Behoorlike boeke en rekenings gehou is.
(3) Ons al die inligtings en verduidelikings verlang, verkry het.
(4) Na ons mening die bestaande Balansstaat na behore so opgestel is dat dit 'n getroue en juiste weergawe toon van die toestand van die Bank se sake na ons beste wete en die verduidelikings aan ons gegee, en soos aangetoon deur die boeke van die Bank op die 31ste Maart 1948.
(5) Die effekte en alle stukke van die Bank behoorlik en veilig bewaar word.
(6) Die beheer van die Bank oor sy takke voldoende is, en die instruksies aan die amptenare in die takke van die Bank behoorlik uitgevoer is.

(Get.) TAYLOR EN GEERLING,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.).

(Get.) HOEK, WIEHAHN EN VENNOTE,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.).

Die totale bedrag van winste van filiale-eiendomsmaatskappye wat betrekking het op die Bank se belang daarin bedra £17,157 18s. 9d.

(Get.) **W. BÜHRMANN,**
(Direkteur).

(Get.) **A. HERTZOG,**
(Direkteur).

## INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1948

### UITGAWES

| | £ s. d. |
|---|---|
| **Administrasiekoste insluitende waardevermindering, slegte skulde afgeskryf en voorsiening vir twyfelagtige skulde en belasting en oordrag na gebeurlikheidsreserwe** ... ... | 663,307 0 0 |
| **Bydrae stafvoorsorgfonds** ... ... ... ... | 18,496 2 3 |
| **Direkteursgelde en vergoeding aan Direkteure vir spesiale dienste** ... ... ... ... | 2,800 0 0 |
| **Oorgedra na Winsverdelingsrekening** ... ... ... | 99,096 6 2 |
| | £783,699 8 5 |

### INKOMSTE

| | £ s. d. |
|---|---|
| **Rente en Kommissie en Inkomste van Geboue na aftrek van Rente en Kommissie betaal en Uitgawes in verband met Geboue** ... ... ... | 706,998 0 9 |
| **Wins op Vaste Eiendomme** ... ... ... ... | 59,861 8 8 |
| **Diwidende ontvang van Filiale-eiendomsmaatskappye** (insluitende diwidend van £15,360/13/11 i.v.m. wins op eiendom) ... ... | 16,839 19 0 |
| | £783,699 8 5 |

### WINSVERDELINGSREKENING

| | £ s. d. |
|---|---|
| **Voorsiening vir Voorgestelde Diwidend van 5% op gestorte kapitaal vir die jaar geëindig op 31 Maart 1948** ... ... ... ... | 60,187 16 5 |
| **Toevoeging tot Algemene Reserwe** ... ... ... | 12,448 14 2 |
| **Onverdeelde Saldo op 31 Maart 1948** ... ... ... | 36,124 2 6 |
| | £108,760 13 1 |

| | £ s. d. |
|---|---|
| **Onverdeelde Saldo op 31 Maart 1947** ... ... ... ... | 9,664 6 11 |
| **Saldo oorgedra van Inkomste- en Uitgawerekening vir die jaar geëindig op 31 Maart 1948** ... ... ... ... | 99,096 6 2 |
| | £108,760 13 1 |

(Get.) **W. BÜHRMANN,**
(Direkteur).

(Get.) **A. HERTZOG,**
(Direkteur).

Ons rapporteer dat volgens ons beste wete en oortuiging en volgens inligting aan ons verstrek die bogemelde rekening 'n juiste opgawe aantoon van die Inkomste en Uitgawe vir die tydperk 1 April 1947 tot 31 Maart 1948.

PRETORIA.
24 Junie 1948.

(Get.) TAYLOR EN GEERLING,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.).

(Get.) HOEK, WIEHAHN EN VENNOTE,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.).

DIE O.B., WOENSDAG, 4 AUGUSTUS 1948

# DEUR WAT OOPSTAAN

Die Grootraad het verlede week op 'n buitengewone vergadering leiding gegee wat elke O.B.-lid tot aksie roep. **Die leiding wat daar gegee is, is so oud soos die Ossewabrandwag self en in volle ooreenstemming met die rigting wat nog steeds in die verlede ingeslaan was.** Die Ossewabrandwag het gekom met sy ideaal van volkseenheid in plek van partypolitieke verdeeldheid, van 'n volkseie staat in plek van 'n volksvreemde. **Maar juis omdat hy samesnoerend bo die partypolitieke verdeling wou wees, het hy hom nie as 'n nuwe party in die stryd teen ander partye gaan werp nie.** Hy het sy ideale verkondig vir die volk om aan te neem, en so vrugbaar was hierdie verkondiging dat daar in Junie 1941 volle eenstemmigheid tussen die grootste nasionale party en die vernaamste volksorganisasies betreffende die toekomstige staatsvorm bestaan het. **En die weg om hierdie ideale tot verwesenliking te bring het die O.B. gesien in die erkenning van die politieke party wat die naaste aan hom staan as die parlementêre front van die volk, terwyl hy as volksbeweging buite die partypolitiek die volk saamsnoer en voorberei vir die toekoms.**

**DEUR GESLUIT**

Ongelukkig is hierdie mooi verstandhouding kort daarna vernietig toe die goeie bedoelings van die Ossewabrandwag in twyfel getrek is. **Die O.B. se optrede in die jare daarna tot nou het egter getoon dat hierdie wantroue ongegrond was, maar ongelukkig staan ons voor die feit dat daardie wantroue nog nie herroep is nie.** Die deur staan daar vir die O.B.-lid nog gesluit, en dat die versoeningsgees ten gevolge van die verkiesingsuitslag binne daardie party nog nie dermate tot rypheid gekom het dat dit 'n waarborg aan O.B.-lede van gelyke politieke beregtiging kan gee nie, het so pas nog weer geblyk uit die lot wat oudsenator Raubenheimer te beurt geval het. **Terwyl alle sittende senatore aan nasionale kant weer herkies is en o.a. ook twee A.P.-lede in die Vrystaat, is sen. Raubenheimer, die enigste A.P.-senator in Kaapland en toevallig ook die enigste O.B.-lid in die vorige senaat, verbygegaan. Dit was 'n H.N.P.-koukus wat die laaste seggenskap gehad het, en as sodanig is dit 'n aanduiding van die gesindheid wat 'n O.B.-lid binne daardie geledere voorlopig nog te wagte kan wees.**

**NUWE TUISTE**

Dit is daarom vanselfsprekend dat die Ossewabrandwag, waar hy homself konsekwent as organisasie buite die parlementêre stryd gehou het, nou 'n ander parlementêre tuiste vir sy lede moet vind indien hy die kragte tot sy beskikking in belang van die volk ook wil aanwend binne die huidige politieke bedeling. Daardie tuiste is die Afrikanerparty wie se leier die goeie trou van O.B.-lede nog nooit in twyfel getrek het en van sy kant geen beperkinge op hul lidmaatskap gelê het nie.

Deur soos een man aan te sluit by die vriendskaplikgesinde Afrikanerparty en hierdie party te help om sy organisasie uit te brei ook in dele waar dit voorheen nie bestaan het nie, voer die Ossewabrandwag eenvoudig sy ou beleid uit om 'n nasionale party te aanvaar as die parlementêre front waarbinne sy lede ook hul volwaardige aandeel aan die stryd kan neem. En die feit dat hierdie party in noue bondgenootskap staan met die ander nasionale party, maak die uitvoering van die Grootraadsbesluit soveel makliker en daarby soveel nuttiger vir die samewerking as geheel.

*Ossewabrandwag-Dag* — *Stellenbosch*

'N

**BASAAR**

**WORD GEHOU OP**

***SATERDAG, 7 AUGUSTUS***

**IN DIE**

**STADSAAL**

***Program:***

(i) **Opening, 10 vm. — Hoofgenl. Max Smuts.**
(ii) **Verkoping.**
(iii) **Kafee.**
(iv) **Middagete.**

*Die funksie is 'n viering van die TIENDE VERJAARDAG van die Eeufeestrek, en alle volksgenote word vriendelik uitgenooi om daaraan deel te neem.*

28/7/2

**ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.**

# Vrees vir Wêreldoorlog Groter as Liefde vir Wêreldvrede

**Die Berlynse krisis is sonder twyfel nog altyd die belangrikste wêreldnuus. Die huidige onmoontlike toestande in die Duitse hoofstad is nie alleen die resultaat van Roosevelt en Churchill se onverkwiklike toegewings aan en kruiperigheid voor Stalin gedurende die jongste oorlog nie, maar Berlyn het ook die kragmeting tussen die Weste en die Ooste geword. By hierdie kragmeting is die Berlynse bevolking in die besonder en die Duitse volk in die algemeen sowel as die openbare mening van die wêreld wat nie honderd persent agter Washington en Moskou staan nie, faktore van die allergrootste potensiële belang en betekenis.**

**ROOSEVELT EN CHURCHILL DIE SKULDIGES**

Die heersende toestande in Berlyn staan in enge oorsaaklike verband met die beleid van die Westerse geallieerdes teenoor die Russiese bondgenoot gedurende die oorlog. Die konferensies van Teheran en Yalta toe Roosevelt en Churchill lang en vernederende reise onderneem het om toegewings aan Stalin te doen, het die weg tot die huidige Berlynse krisis gebaan. Die geskiedenis het herhaaldelik geleer dat die Russiese Kolos 'n nuttige bondgenoot maar 'n gevaarlike buurman is. In die Sewejarige en Napoleontiese oorloë het dit geblyk hoe gevaarlik Russiese leërs in Sentraal en Wes-Europa vir vriend en vyand kan wees. As dit waar is met die leërs van die tsare met wie Westerse staatshoofde altyd betreklik maklik kontak kon maak en verstandhoudings tref, hoe veel meer is dit waar met die huidige regeerders aan die Kremlin teenoor wie die Westerse maghebbers, voor die dae van die onnatuurlike bondgenootskap van 1941-45, nie alleen vreemd maar deurgaans wantrouig en selfs vyandig gestaan het. In plaas van die Hitler-bewind in Duitsland as 'n episode te beskou en in die Bolsjewistiese Rusland die werklik gevaarlike vyand te sien, het die here Roosevelt en Churchill hulle blind teen Duitsland gestaar en aan hul onsinnige eise van „onvoorwaarde-oorgawe" hardnekkig vasgehou terwyl hulle die Russiese leërs op alle moontlike maniere gehelp het om weswaarts voort te dring en vaste voet in Berlyn en Weenen te kry. Vandag pluk die Westerse wêreld die wrange vrugte van hierdie Rooseveltse en Churchillse verraad teen hul eie beskawing.

**WESTERSE SWAKHEDE**

Op die oomblik lyk dit al meer en meer of Berlyn vir die Weste 'n tweede München gaan word. Soos dit by Teheran, Yalta en Potsdam die geval was, is dit weer Amerikaanse, Britse en Franse gesante wat 'n Canossavaart na Moskou doen. Hoewel hierdie gesante aanvanklik voor dooiemansdeur aangekom het — die Russiese leiers was nie eers in Moskou nie — lyk dit tog of samesprekings met Stalin en Molotof sal plaasvind. Dit is op die oomblik te vroeg om oor hierdie samesprekings uit te wei, maar daar is tekens dat die Berlynse krisis gaan oorwaai en dat die Russe ook hierdie keer hul sin gaan kry. Die feit dat die Westerse gesante na Moskou gaan om oor Berlyn te onderhandel, moet as 'n Russiese triomf aangesien word. Aangesien die Berlynse krisis reeds 'n paar weke 'n hoogtepunt bereik het sonder dat iets buitegewoons gebeur het en onderhandelings op die oomblik in Moskou gevoer word, so lyk dit waarskynlik dat ook hierdie krisis sal oorwaai sonder dat 'n ware oplossing vir hierdie kroniese stryd tussen die Weste en die Ooste gevind sal word.

In die Weste is daar genoeg tekens van swakheid voor hande om 'n werklik besliste optrede teen Rusland onwaarskynlik te maak. Op dieselfde oomblik toe die Westerse wêreld ernstig deur die Russiese aanslag in Berlyn bedreig was, het Frankryk, een van die hoekstene van die Westerse verdediging, hom b.v. die weelde van 'n regeringswisseling gegun en dit nogal oor die kwessie van te hoë militêre uitgawes.

*Buitelandse Oorsig Deur Prof. Dr. J. A. Wiid*

Selfs in die magtige V.S.A. het die oorlogstemming en die opgewondenheid oor Berlyn opmerklik afgekoel. Binnelandse aangeleenthede soos die aanstaande presidentsverkiesing en die bestryding van inflasie, en nie die Berlynse krisis nie, geniet die voorkeur in die Amerikaanse belangstelling. Vandaar dat die doringagtige weg van onderhandeling met die Kremlin nog eens bewandel word. Ook in Engeland skyn daar meer belangstelling in sulke gewigtige sake soos die hittegolf en sport te wees as in die Berlynse krisis. En tog kan verantwoordelike mense in die Westerse wêreld nie anders as bewus wees van die geweldige internasionale verwikkelinge wat uit die slag om Berlyn gebore gaan word nie. 'n Westerse nederlaag in Berlyn kan op die duur seer seker nie in belang van wêreldvrede wees nie. Die prestige-verlies wat met 'n dergelike nederlaag noodwendig gepaard moet gaan, kan nie anders as uiters nadelige reperkussies hê nie.

**DIE DUITSE FAKTOR**

Onder die baie en verskillende nadelige reperkussies wat uit 'n Westerse nederlaag in die slag om Berlyn sal voortvloei, verdien alleen een hier genoem te word: Dit is die ontnugtering en uiteindelike opgang van die sogenaamde deur Rusland bevryde volke in die Russiese magspolitiek. Onder hierdie volke is die verslaande Duitsers nog altyd die belangrikste. Niks is so suksesvol as sukses nie en 'n Russiese oorwinning in Berlyn sal tot gevolg hê dat baie Duitsers in wanhoop hul lot by die Russe sal inwerp. Die toestande wat vandag in die Westerse sektors van Berlyn bestaan, kan onmoontlik voortduur, seer seker nie in die winter nie.

Die slag om Berlyn is dus in werklikheid die slag om Duitsland en die ander „bevryde" lande wat binne die Russiese invloedsfeer val. 'n Russiese oorwinning in Berlyn sal ook 'n riem onder die hart wees vir die kommunistiese vyfde kolonne in lande wat nog nie aan die leiband van Moskou loop nie.

Met hierdie groot potensiële gevare voor oë, lyk dit tog onwaarskynlik dat die Weste hom op die lang duur, tenspyte van tydelike verslappings, met 'n Russiese oorwinning in Duitsland sal versoen. Die belangrikste en grootste deel van Duitsland val nog altyd, wat ook al in Berlyn gebeur, binne die besettingsgebied van die Weste. Die moontlikheid bestaan ook dat dit agter die Ystergordyn nie alles pluis is nie.

Wat die toekoms ook al in die skoot vir die wêreld mag hê, staan dit reeds vandag vas dat daar meer as genoeg brandstof vir 'n derde wêreldbrand gereed lê. Was dit 1938 i.p.v. 1948 dan sou die moordtuie reeds gespreek het. Die jongste wêreldoorlog en sy verskrikkinge is egter nog te vars in die geheue om nou reeds 'n nuwe oorlog te waag. Die vrees vir 'n derde wêreldoorlog lyk nog altyd groter as die liefde vir 'n blywende wêreldvrede.

## BOERE MOET WOL VERBETER

Die noodsaaklikheid dat die Suid-Afrikaanse boere hulle moet toelê op die verhoging van gehalte wol is die afgelope week beklemtoon deur die Minister van Landbou toe hy die kongres van die Nasionale Wolkwekersvereniging toegespreek het. Hy het boere gewaarsku om hulle nie te laat mislei deur die hoë pryse van wol en dit te aanvaar as die maatstaf vir grondpryse nie. Boere moet nie te optimisties wees nie, het hy gesê.

**Die Skiereilandse Generaalskappe Vier**

**OSSEWABRANDWAG-DAG**

**OP**

***Maandag, 16 Augustus 1948, om 7.45 nm.***

**IN DIE**

**EBENEZER-SAAL** - **MAITLAND**

**TOESPRAKE:**

**Gnle. E. Theron**
**Ds. J. D. Vorster**
**Gebiedshoofgeneraal dr. F. D. du T. van Zyl**

*DIE KOMMANDO'S SAL HUL BYDRAE STORT!*
*Die Ossewabrandwag-Orkes Sal Optree!*
*DIT IS ONS TIENDE VERJAARDAG!!*

# O.B. Wou Vergeefse Grafte Voorkom

**„Eli"-kind, Stellenbosch, skryf:** In die jongste uitgawe van Die O.B. verskyn 'n brief van ‚Neef Nico' waarin hy dit betreur dat die pas ontslane politieke gevangenes by wyse van 'n eetmaal in Pretoria onthaal is. Hy beskuldig die O.B.-leiding van „onverantwoordelike optrede" deur hierdie persone te huldig wat verantwoordelik was vir 'n „ope graf, moedersmart en trane" as gevolg van die Benoni-voorval.

Dit is klaarblyklik dat ‚Neef Nico' in algehele onkunde verkeer met betrekking tot die agressiewe optrede van dié lede van die O.B. wat hy as „Eli"-kinders bestempel. 'n Mens voel geneig om die broeder in sy onkunde te laat voortlewe — of sterwe, as dit nie was vir die verkeerde indruk wat sy skrywe by ander persone mag skep nie — persone wat ewe oningelig maar minder bevooroordeeld as hyself is.

Vir die informasie van ‚Neef Nico' en ander wat soos hy mag dink, wil ek graag net die volgende onder die aandag bring:

„Ope grafte, moedersmart en trane" was juis dit wat die O.B. probeer het om te verhoed. Of sou ‚Neef Nico' nie daaraan gedink het nie dat daar duisende „ope grafte" van Suid-Afrikaanse seuns in die vreemde is waaroor eweveel „moedersmart en trane" was as oor die geval by Benoni, waar hy sy tirade boonop nog aan die verkeerde adres afgelewer het.

Die optrede van O.B.-lede, waarvan die geval Benoni een is, was juis daarop gemik om te verhoed dat ons landseuns op die altaar van 'n vreemde god geoffer moes word — 'n vreemde god wat vandag soos 'n vors uit die hel sy dreigende gegrom laat dawer oor alles waarvoor soveel „ope grafte, moedersmart en trane" geoffer was.

Wanneer daar van die S.A. volk offers geverg was, is daar steeds nog offers gebring maar daar was helaas ook nog altyd die persone soos ‚Neef Nico' wat hulle veilig verskuil hou in die skadu van Bolandse lower wanneer daar daadwerklike optrede van hul verwag word. Die armstoel-patriotte wat soos ‚Neef Nico' wag tot die gevaar verby is en dan 'n loskruit-skoot los wat geen ander effek het as die steurende lawaai wat dit veroorsaak nie.

Dit laat 'n mens onwillekeurig dink aan die woorde van die digter:

„Soet is die stryd vir die stryder,
Al moet hy uiteindelik verloor
Maar die man wat sy deelname weier
Is die man wat sy nasie vermoor."

# Soos Ons Lesers Dit Sien

## Kon Wanorde Sonder O.B. Gehad Het

**Mej. J. de Wet, Kaapstad, skryf:** Graag wil ek ‚Neef Nico' van Stellenbosch, wat sulke ernstige en ongegronde aanklagte teen die O.B. maak, en dit onder 'n skuilnaam doen, op sy vingers tik, maar mens voel eerder lus om hom met die minagting te bejeën wat sulkes soos hy wat graag skinder- en koerantstories napraat, verdien.

Wat weet ‚Neef Nico' nou eintlik van die Ossewabrandwag? Te oordeel na sy brief strek sy inligting nie verder as dié van die tipies bevooroordeelde persoon wat sy inligting van hoor-sê gekry het nie. Dit sal ‚Neef Nico', wat praat van „gesagloosheid", miskien interesseer om te weet dat as dit nie was vir die gedissiplineerde gesag van die O.B.-leiding nie daar miskien vandag baie van die Empire-aanhangers in die graf sou gewees het. Min het diegene wat gedurende die oorlog die O.B. vervolg het, geweet hoe na aan hul graf hulle gewandel het, maar alleen as gevolg van dissipline en versiendheid, was daar nooit doelbewuste lewensverlies nie. Voorwaar daar is sabotasie gepleeg op „gentleman-wyse". Vergelyk dit bietjie met Palestina.

# UNIE MOET BRITS KOOP WEENS SY GOUDTEKORT

**Daar bestaan geen rede om bevrees te wees vir 'n algemene ekonomiese depressie nie, het die president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank verlede Donderdag verklaar, toe hy na die toenemende verswakking van die Unie se handelsbalanse verwys het.**

Dr. H. M. de Kock, die president, het verklaar dat die moeilikhede met die Unie se betalingsbalans ontstaan het as gevolg van die oormatige instroming uit die sterlinggebied en die oormatige uitgawe in lande buite die sterlinggebied, veral die Verenigde State.

Die maatreëls wat die Unie getref het, het onmiddellik veroorsaak dat die stroom sterling wat na die Unie gevloei het, verminder het. Die invloei van £180,000,000 uit die sterlinggebiede het die inflasiedruk in die Unie verhoog op 'n stadium toe anti-inflasie-invloede nodig was.

In 1947 was die Unie se aankope £40,000,000 meer as sy goudproduksie en ons betalingsposisie is verder verswak deur die prysstyging van invoergoedere.

Daar kan moontlik binne kort verminderde invoere uit dollarlande wees sodat sterlinglande meer in die behoeftes van die Unie sal voorsien. Die vraag is of stappe gedoen moet word om oormatige invoere van verbruikersgoedere stop te sit, het dr. De Kock verklaar.

In sy kommentaar oor dr. De Kock se verklaring, skryf Die Burger dat dit beteken dat die Unie voortaan 'n beleid van „koop Brits" sal moet volg.

## „Onreëlmatige" Doodvonnisse

**Die Verenigde State het alle doodvonnisse op Duitse „oorlogsmisdadigers" wat deur 'n Amerikaanse militêre hof te Dachau uitgespreek is, opgeskort hangende 'n ondersoek as gevolg van beweerde onreëlmatighede. Twee Amerikaanse regters het spesiaal na Duitsland gevlieg om ondersoek in te stel na die verhoor van beskuldigdes te Dachau.**

**Sou die ontdekking van onreëlmatighede miskien in verband staan met die internasionale spanning?**

# PARLEMENT BEGIN OORMÔRE

Te oordeel na die uitlatings van die V.P.-pers gaan die opposisie-partye die sitting van die parlement wat oormôre begin, uitbuit as 'n propagandaplatform. Die Cape Times praat met smaak van die feit dat die opposisie die geleentheid sal kry om die regering oor elke onderwerp toe te takel.

Die huidige sitting sal tot 'n groot mate gebruik word as politieke platform met die oog op die aanstaande verkiesing.


„Springbok—die strelend sagte sigaret" sê Mnr. H. C. de Wet, Haarsnyer, Johannesburg.

Ek is die hele dag op die been maar saans gaan al my moeilikhede in rook op as ek 'n strelend sagte Springbok aansteek! Ek hou altyd 'n pakkie byderhand, want sonder Springbok is ek geskore!



Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

*Soos aangetoon deur gereelde maandelikse opnames gedurende 1948.*

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande—skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteurs—oorweldigend hul keuse uitgebring op Springbok. *Geniet Suid-Afrika se Vooraanstaande Sigaret—Probeer Springbok Vandag.*

SPRINGBOK
DIE SPORTMAN SE SIGARET



*„Springbok sigarette was die „Sportman se Keuse" in 1909 en sedertdien het hulle hul populêriteit ten volste gehandhaaf. Hulle is in elke opsig uitmuntende sigarette."*

Met en sonder kurkmondstuk.

U/S349



PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MôREMARK (Posbus 7185) Newtes



A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
154 Takke



● VIR DIE STUDENT, Joernalis, Reisiger —
Die Nuwe Draagbare
„CORONA"-TIKMASJIEN
vergemaklik al u skryfwerk, hanteer maklik, in 'n deftige dra-kassie.
PRYS £26/10/- Kontant
*ALLE KANTOORBENODIGDHEDE VOORRADIG*
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 322,
ADDERLEYSTRAAT - KAAPSTAD.
Telefoon 2-7071



DIE KIESKEURIGE MAN
GAAN VIR SY KLERE NA
Kotzé
*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*
●
SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.
ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD



*Onthou u*
SONDER GEWERE
die opspraakwekkende Roman van S. J. de Jongh? Dit was nr. 1 in die Doringdraadreeks.

★ NR. 2 IS SO PAS GEPUBLISEER . . . .

AGTER DIE DORINGDRAAD IN KOFFIEFONTEIN

*geskrywe deur O. L. NEL,*
gewese kampleier in Koffiefontein waar hy vir 27 maande geïnterneer was.

● *'n Werk vol spanning, avontuur, humor en realisme. 'n Volledige beeld van die Lewe van die Geïnterneerde Boere: Ontsnappings, Hongerstakings, ens., ens. — maar op al die bladsye vind die leser 'n openbaring van die Afrikaner se taaiheid en volharding en onbreekbare wil tot vryheid.*

*PRYS 10s. Posvry*
(9/- posvry aan intekenare)

*AAN: L. & S. Boek- en Kunssentrum (Afd. O.B.), Posbus 4892, JOHANNESBURG.*

Stuur my asb. .............. eksemplare AGTER DIE DORINGDRAAD teen 10/- posvry. Ek sluit .............. in ter vereffening.

NAAM: ..............
ADRES: ..............
..............
Handtekening.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**CALITZ.** — Aan Koot (Kallie) en Toetie (geb. Ferreira) van Ysterplaat 'n fris eersteling O.B. seun op Julie 18. Naas God, ons innige dank aan die verpleegster. 28/7/2B

### VERLOWING

**CHRISTOWITZ — GELDENHUYS.** — Die verlowing word hiermee bekend gemaak van Petronella (Nellie) tweede oudste dogter van mnr. en mev. D. J. Geldenhuys, „Arbeidsgenot", Wynnestraat 13, Parow, met Christoffel (Chris) oudste seun van mnr. en mev. C. J. Christowitz van Blantyre, Nyasaland en Parow. 4/8/1.

**MYBURGH—JORDAAN.** — Ons twee Willie oudste seun van wyle mnr. en mev. J. Myburgh, Piketberg en Gerty tweede dogter van mnr. en mev. L. Jordaan, Tiervlei, wens aan vriende en familie bekend te maak dat ons op 8 Augustus verloof raak. 4/8/1.

### IN MEMORIAM

**STRAUSS.** — In tere herinnering dink ons terug aan 2 Augustus 1941 toe ons dierbare eggenoot en vader Jacob Albertus van ons weggeneem is. Ons gun u die rus liewe vader. Verlangende eggenote, kinders en kleinkinders, Tiervlei. 4/8/1.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**PATATRANKE.**—Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1,000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.),** P.K. Hoekwil, **George.** 28/7/TK

### GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — **Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, **Pretoria.** 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.**

**MEUBELS** — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK.

### RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.**

### TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barry-merk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie in 5 en 10 pond kissies. Appelringe 3 Diamant 2/1, Perskes 3 Diamant 2/1, Pere 3 Diamant 2/1, Vye 4 Diamant 2/3, Pruimedante 50/60 1/8½, Rosyne 3 Diamant 10½d., Tros-Rosyne 4 Diamant 1/3, Okkerneute 2/3, Amandels 1/9, per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barry-merk gesuikerde vrugte 8/6 per ses 1 pond pakkies of 6/3 per 5 pondkissie posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

Speelskeie, bottelvorm teen 3/9; kopskeie 4/6; agtkantig 5/-; dubbelkop 5/6; een paar muilswingels teen 5/6; een trekdonkie 5/-. — **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 4/8/8.

## *AANSTELLINGS IN DRIE RADE*

Die regering het die afgelope tyd, afgesien van die aanstelling van 'n Buitengewone Ambassadeur, drie belangrike aanstellings gedoen, t.w. in die Spoorwegraad, Radioraad en Diamantraad.

As voorsitter van die Spoorwegraad is mnr. J. J. Haywood, L.V. vir Bloemfontein-distrik, benoem. Mnr. Haywood is een van die H.N.P. se deskundiges op spoorwegsake en was een van die moontlike aspirante vir die Spoorweg-portefeulje.

Verder is dr. Karl Bremer, voormalige L.V. vir Stellenbosch, en voorsitter van die H.N.P. in Kaapland, benoem tot voorsitter van die Diamantraad. Hy het reeds dienste aanvaar.

In die Radioraad is dr. S. H. Pellissier tot voorsitter van die raad benoem. Dr. Pellissier was voorheen Direkteur van Onderwys in die Vrystaat.

### SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

### TE KOOP AANGEBIED

Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps £7, Leghorns en Kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van henne wat uitgesoek is deur eienaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN,** „Weltevrede Pluimveeplaas," P.K. Kerstfontein,

**RADIOTRONICS**
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskashersteIwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

**Pretoria-Mark.**
**PRINSLOO EN VENTER**
**MARKAGENTE**
**Van der Waltstraat 268**
**Posbus 361 - Foon 2-2208**
**PRETORIA**
**(Mede-eienaar en Bestuurder: J. P. BOTHMA)**
**Garansie van £2,500 by die Staat**
**Probeer ons vir beter diens!**
*SKRYF OM GRATIS*
★ *ETIKETTE*
★ *MARKVERSLAE ENS.*


**BRILLE**
**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

# SAL MET NUWE SENAAT KAN REGEER

**Wanneer die nuwe senaat vir die eerste keer hierdie week vergader, sal die regering 22 ondersteuners en die opposisie-groep 21 lede in die senaat hê. Die uitslag van die verkiesing was 'n verrassing omdat gemeen is dat dit net anders om sou wees. Die regering het 'n 22e ondersteuner gekry deurdat 'n onafhanklike senator in Natal, mnr. S. Pettersen, op voorstel van A.P.-lid J. S. Labuschagne, gekies is wat die regering se kleurbeleid steun.**

Die Afrikanerparty, wat die magsewewig in die regering hou, het net twee senatore in die nuwe senaat. Hulle is in die Vrystaat gekies. Daar is ook geen A.P.-senatore deur die Regering benoem nie. **Die senatore van die Afrikanerparty is sen. J. J. van Rensburg en sen. J. H. B. Reitz. Mnr. I. van W. Raubenheimer wat die enigste A.P.-senator in Kaapland was voor die ontbinding, is nie in Kaapland herkies nie. Hy is ook die enigste oudsenator in nasionale geledere wat nie herkies is nie. Hy is 'n lid van die Ossewabrandwag.**

In Kaapland het die H.N.P. met behulp van die twee A.P.-lede van die volksraad, drie senatore gekies, t.w. mnre. D. H. van Zyl, P. S. Hayward en D. T. du P. Viljoen. Dieselfde aantal is in Transvaal gekies, nl. mnr. T. A. Dönges, komdt. T. MacDonald en dr. H. F. Verwoerd wat met die verkiesing in Alberton verslaan is.



**Oudsen. I. van W. Raubenheimer (Oom Naas) wat die enigste nasionale senator is wat nie herkies is nie. Tydens en na die oorlog het Oom Naas baie gedoen vir die politieke gevangenes, en hy was deur die O.B. hoog geag as 'n vriend.**

# Nederlanders Wil Weet van O.B.

**Belangstelling in die Afrikaner se stryd is nog by 'n groot deel van die Nederlandse volk aanwesig, ondanks die verdraaide beskouings in die Nederlandse pers. Etlike briewe is reeds deur O.B.-lede van Nederlanders ontvang wat graag meer inligting omtrent die nasionale beweging in Suid-Afrika wil verneem. Die briewe word gerig aan persone wie se name in die pers bekend gemaak word as leidende figure van die Beweging.**

**So het die O.B.-Jeugleier, prof. D. J. van Rooy, van Potchefstroom, 'n brief ontvang van 'n persoon wat homself beskryf as die leier van 'n Nederlandse Jeugbeweging wat staan vir „Christelike nasionalisme." Hy verklaar dat hul doelstelling is om „met alle geskikte middele ons nasionale volkswaardes te verdedig teen die vervlakkende invloede wat op groot skaal uit die buiteland ingevoer word, en ons voel ons sterk verbonde met ander dele van die Dietse stam wat dieselfde stryd voer. Ons stel ons nie op enige partypolitieke standpunt nie, maar staan op die grondslag van 'n Christelik-nasionale volksbesef."**

### TEEN GEALLIEERDES

Dat hierdie groep onder sy ledetal ook mense tel wat teen die Geallieerdes kant gekies het in die afgelope oorlog, word deur die skrywer in die volgende bewoording erken:

„Ons strewe ondervind hier 'n **sterk teenkanting van die liberale, Sosialiste en Kommuniste. Aangesien hierdie groepe die pers volledig oorheers, is ons posisie nie gemaklik nie, temeer omdat verskeie van ons jongere lede gedurende die oorlog kant gekies het by die anti-geallieerdes en dus as landsverraaiers gebrandmerk staan. Hoewel hul houding hier nie goed te keure is nie, het hierdie jongmanne gemeen dat hulle die stryd vir die beskawing teen die bolsjewisme moes opneem, en ons staan op die (van alle kante aangevalle) standpunt dat gemaakte vergissinge sonder slegte bedoeling, dog inteendeel uit eerlike idealisme ontstaan, geen belemmering mag wees om hulle in ons jeuggroepe op te neem nie."**

### NA WORCESTER

In 'n ander geval skryf 'n Utrechtse advokaat aan komdt. Leibbrandt van Niekerk, van Worcester, dat hy sy naam in 'n Afrikaanse nuusblad gelees het en dat hy baie graag eerstehandse inligting omtrent die Ossewabrandwag wil bekom. „Die Ossewabrandwag is hier in Nederland baie, baie onbekend. Daar word wel beweer dat die Ossewabrandwag 'n nasionaalsosialistiese of fascistiese groepering is, 'n aanduiding wat hier in Nederland voldoende is om jou gal oor 'n dergelike beweging uit te spu. Egter soos ek reeds gesê het, sou ek graag meer van die Ossewabrandwag (leier dr. Van Rensburg?) wil weet."

## Oom Naas Nie Herkies

In die Oranje Vrystaat het die A.P. en H.N.P. saam 7 senatore gekies. Hulle is mnre. C. A. van Niekerk, M. J. Vermeulen, F. D. du Toit, D. W. Schoeman, W. L. Pretorius, J. H. B. Reitz en J. J. van Rensburg. Vyf van die sewe was voorheen senatore.

### BENOEM

Verder het die regering agt senatore aangewys, nl. vir Transvaal mnre. P. W. le Roux van Niekerk en H. van der Merwe; vir die Vrystaat mnre. J. N. le Roux en R. A. T. van der Merwe (eersgenoemde het sy volksraadsetel aan mnr. Havenga afgestaan; vir Kaapland dr. W. A. Hofmeyer en mnr. H. van Aarde, wat met die algemene verkiesing in Hottentots-Holland verslaan is, en vir Natal 'n onafhanklike Engelssprekende, eerw. C. Miles-Cadman en mnr. C. Nel.

Wanneer die regering dus 'n president vir die senaat uit sy eie geledere benoem, sal hy 21 ondersteuners hê en die opposisie-groep dieselfde aantal. Wanneer die stemme staak, sal die president 'n beslissende stem kan uitbring. In November word 'n vierde senator vir die naturelle gekies — die setel is tans vakant — waarna die opposisie waarskynlik in die meerderheid sal wees. In 'n gesamentlike sitting van die twee huise kan die regering egter 'n meerderheid van drie of vier stemme hê.

## *FAMILIES TREK BANDE NOUER*

Twee bekende O.B.-families het die bande van kameraadskap nouer aangehaal toe Unus, oudste dogter van hfkomdt. en komdte. Ben van Niekerk van Vaalkop, Edenville, in die huwelik bevestig is met ds. Jan van Graan, seun van mnr. en mev. Ernst van Graan van Mopanie, Noord-Transvaal. Ds. At. van Niekerk van Prieska het die huweliksband gelê. Meer as 400 gaste het na die plegtigheid die onthaal op die plaas Vaalkop bygewoon waar ds. Van Niekerk die heildronk ingestel het. Hierna het die K.G., dr. Hans van Rensburg, die heildronk op die ouers ingestel.

## Nuwe Burgers

**1,800 vreemdelinge is gedurende die eerste ses maande van hierdie jaar tot Unie-burgers verhef. Onder hulle is Siriërs, Cypriote, Irakese, en 'n groot aantal Littouers.**

## FEESTE VAN GEBIED F

**'n Sierlike Gedenkprogram waarin die oproepe van die hoofgenerals van Gebied F sowel as die programme van die vyf groot sentrale feeste verskyn, het so pas die rondte begin doen en is verkrygbaar van die Gebiedshoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria.**

# „Vir Suid-Afrikaners Het Ons Geen Werk' Sê Base

**Die klagte dat Engelssprekende werkgewers openlik verklaar dat hulle voorkeur aan Britse immigrante gee wanneer deur Suid-Afrikaners wat op oorlogsdiens was, by hulle om werk aangeklop word, is vervat in 'n brief van 'n Engelse vrou aan die Cape Argus. Sy is self 'n Engelsman van geboorte en is tydens die oorlog met 'n Suid-Afrikaner getroud wat in die Britse lugmag gedien het. Haar man, wat dus eintlik veel nader aan Home staan as meeste oudsoldate, kon geen werk kry nie, verklaar sy.**

Die brief lui:

„In 'n sekere sin veronderstel ek, is ek ook 'n immigrant. Ek het met my man getrou terwyl hy in die Britse lugmag gedien het.

**„Kan enigiemand my nou vertel waarom hy nadat hy twee jaar terug is in sy eie land nie in staat is om werk te kry nie?**

„In 'n onderhoud is 'n wenk aan hom gegee dat 'n offisiersuniform, plus 'n paar ordetekens, 'n handige middel is om werk te probeer kry. **Ander persone met wie my man onderhoude gehad het verklaar dat hulle geen begeerte het om Suid-Afrikaners in diens te neem nie."**

Sy verklaar voorts dat dit 'n swaar pil is vir iemand om te sluk nadat hy vyf van sy beste jare aan oorlogsdiens gewy het.

### AANGEHITS

**'n Mens vra jouself af: as dit aan die groen hout gebeur, wat dan nog van die droë hout? Waar kom die Suid-Afrikaner en veral die Afrikaner uit in die wedloop om werk?**

Hierdie toestand is behalwe blote sentiment natuurlik 'n gevolg van die immigrasiekampanje van die vorige bewind wat uit sy pad gegaan het om op die handel en nywerheid beroepe te doen om immigrante

## Gevolge Van Immigrasie-Veldtog

in diens te neem. **Dit is baie duidelik aan hulle te kenne gegee dat immigrasie 'n politieke plig is, en in dié lig word dit nog deur baie werkgewers beskou. Hulle meen dat dit hul verkiesingsbydrae tot die Verenigde Party is.**

# Blanke Trou Met Naturellevrou

**'n Drie-en-sewentige Engelssprekende blanke uit die distrik Peddie is voorverlede Woensdag in Port Elizabeth met 'n 38-jarige naturellevrou in die magistraatshof in die huwelik bevestig. Die verrigtinge het deur middel van 'n tolk geskied. Die bruidegom wou sy skoonvader met beeste vir sy vrou betaal, maar die vader van die bruid het daarop gestaan dat die huwelik in gemeenskap van goedere moet geskied. Huwelike tussen blankes en naturelle word nog deur ons wette toegelaat hoewel wyle oom Piet Grobler reeds in 1911 'n poging aangewend het om dit verbied te kry.**

## TROUE BRANDWAG VERTREK

Die Stella-kommando het een van sy ywerigste lede verloor deur die vertrek van veldkt. George Nieuwoudt wat sy plaas verkoop het en hom nou op Bainsvlei, Bloemfontein, gaan vestig. Hy was altyd getrou op sy pos en dit was nooit nodig om na hom te soek nie. Hy staan sy plek vol in die volkslewe.

Met die Rebellie van 1914 het hy saam met wyle genl. Kemp 'n bloedspoor gemaak. Ook daar het hy sy plek vol gestaan. Die Stella-kommando wens hom alles van die beste toe en hoop dat hy daar in sy nuwe omgewing net so 'n getroue Brandwag sal wees. —(Ingestuur).

**ADVERTEERDERS IN „DIE O.B." IS MENSE WAT ONS ONDERSTEUN. DINK ONS OOK DAARAAN OM HULLE TE ONDERSTEUN?**


## VOLKSKAS-AANDELE—

***AANKONDIGING:***

**Die direksie van VOLKSKAS het genoeë om hiermee aan die publiek bekend te maak dat 'n verdere 250,000 gewone £1-aandele in VOLKSKAS vir inskrywing aangebied word.**

*DIE BESONDERHEDE IS KORTLIKS SOOS VOLG:*

**Huidige kapitaal-posisie:**

| | |
|---|---|
| Gemagtigde kapitaal (verdeel in 1,500,000 gewone aandele van £1 elk) | £1,500,000 |
| Ingeskrewe kapitaal | £1,250,000 |
| Gestorte kapitaal | £1,246,809 |
| Kapitaal nou aangebied | £250,000 |

**Aandele tans aangebied:**

*250,000 gewone aandele van £1 elk teen 'n premie van 2/6 (d.w.s. 22/6 per aandeel).*

**Hoe betaalbaar:**

*10/- per aandeel plus die premie van 2/6 per aandeel by aansoek en die saldo van 10/- per aandeel binne 6 maande na toekenning. (Aandele kan ook by aansoek volopbetaal word deur 22/6 per aandeel te stort.)*

**Openingsdatum van inskrywingslyste:**

*29 JULIE 1948.*

**Voorkeur aan bestaande aandeelhouers:**

*By eerste toekenning op 4 September 1948 sal die direksie voorkeur gee aan aansoeke van bestaande aandeelhouers (d.w.s. persone wat op 14 Julie 1948 — datum van Prospektus — aandeelhouers van VOLKSKAS was). Na 4 September 1948 sal geen verdere voorkeur aan bestaande aandeelhouers gegee word nie.*

**Sluitingsdatum:**

*Die direksie hou hom die reg voor om die inskrywingslyste onmiddellik by volskrywing van hierdie uitgifte te sluit, dog nie voor 2 September 1948 nie.*

**Diwidende:**

*Sedert aanvang van sake deur VOLKSKAS is die volgende diwidende op aandele uitgekeer:*

| | |
|---|---|
| *1936 — 1940* | *7½% per jaar.* |
| *Daarna* | *5% per jaar.* |

**Prospektus:**

*Hierdie is nie 'n uitnodiging om op aandele in VOLKSKAS in te skrywe nie maar verstrek slegs een en ander inligting wat meer vollediglik vervat is in die prospektus wat op die aandele wat aangebied word, betrekking het.* **Kopieë van die prospektus is tesame met aansoek om aandelevorms verkrygbaar van die Hoofkantoor van die Bank, Posbus 578, Pretoria, of van enige takkantoor.**

## VOLKSKAS BEPERK
(GEREGISTREERDE HANDELSBANK)

**DIREKTEURE:**

A. J. Bosman, W. Bührmann, J. H. Greijbe, Dr. A. Hertzog, P. J. Hugo, C. C. Kriel, Prof. dr. J. P. van der Merwe, S. J. Naude, J. E. Reeler.

ARBEIDSAAMHEID

**BANKIERS:**

**HOOFKANTOOR: PRETORIA.**


# Engelse Prediker Kla oor Slegte Immigrante

**Hoe die swak tipe Britse immigrante wat van staatsweë in Brittanje vir die goudmyne gewerf word, by hul aankoms wegdros en weier om te werk, is deur eerw. E. M. Risden, rektor van die St. Johns Church, Randfontein, onder die aandag van die Britse volk gebring toe hy 'n vergadering verlede week in Londen toegespreek het. Hy het ook verwys na die toenemende aantal immigrante wat na die Unie kom sonder enige voorneme om te werk.**

**Met verwysing na die swak tipe het hy gesê: „Ek is jammer om te sê dat baie wat onlangs uitgekom het tot hierdie klas behoort en besig is om 'n gevoel daar te veroorsaak.** Ons wil julle hê, maar ons wil julle hê om te werk. Daar steek geen goed in om as 'n hommelby na Suid-Afrika te kom en te verwag dat ander mense alles vir jou moet doen nie."

In 'n onderhoud met 'n korrespondent het hy verklaar dat die immigrante wat vir die myne gewerf word in groot getalle wegdros. Hul reisgeld word betaal asook huisvesting aan hulle verskaf. Vanaf hul aankoms ontvang hulle ook 'n salaris. Hulle kom onder kontrak en dit sal die hulp van die polisie vereis om hulle weer terug te vind — iets wat nie graag gedoen word nie, omdat onwillige mense tog niks beteken nie.

**„Ek praat nie van 'n paar geïsoleerde gevalle nie, ek sal sê dat daar moeilikheid met die meeste van hulle ondervind word en dit veroorsaak natuurlik 'n onaangename gevoel. Die wat in die werk bly, is vol griewe en brom en verwag blykbaar dat alles vir hulle gedoen moet word," het hy gesê, en bygevoeg dat Suid-Afrika beslis nie hierdie tipe mense wil hê nie.**

# Reënmakery In Winter Wil Nie Slaag

Die Amerikaanse regering het verlede winter probeer om reën te maak, maar het nie daarin geslaag nie, volgens 'n verslag wat vanaand uitgereik is en wat koue water gegooi het op die boere se hoop dat vlieëniers hulle die hele jaar deur van reën sal kan voorsien deur droë ys op die wolke te strooi.

Die regering het nou al 40 keer probeer om op hierdie wyse reën uit winterwolke te verkry en sal nou dieselfde proefnemings op somerwolke uitvoer.

Die proefnemings wat op winterwolke uitgevoer is, was teleurstellend en het verskeie feite aan die lig gebring. Daar is gevind dat geen betekenisvolle resultate verkry is, tensy daar binne 'n afstand van 30 myl natuurlike reën of sneeu geval het nie. Selfs dan was die neerslag te klein om van ekonomiese belang te wees. Winterwolke produseer nie genoeg reën om van belang vir boere in die bewaringsdistrikte te wees nie.

# Komdt. Steyn Kandidaat

Hfkomdt. H. J. Steyn van Vasco is op 'n vergadering van die Elsiesrivier-Vascowaaksaamheidsvereniging, onder voorsitterskap van mnr. J. H. Hanekom, eenparig aangewys as die vereniging se kandidaat vir wyk 3 vir die Goodwoodse munisipale verkiesing wat in September plaasvind.

Tweehonderd lede het reeds by die vereniging aangesluit. Die sekretaris is mnr. J. Crafford.

# GROOTRAAD BESLUIT OOR ORGANISASIE

**Die Grootraad van die Ossewabrandwag het verlede Woensdag onder voorsitterskap van hoofgeneraal D. J. van Rooy sy jaarlikse sitting in Johannesburg gehad. 'n Agenda wat baie ernstige besprekings ingehou het, is afgehandel. Baie opmerklik was die algemene persbelangstelling in hierdie vergadering, sowel van die kant van Afrikaanse as van Engelse blaaie.**

Die huidige politieke situasie is grondig behandel nadat die Kommandant-generaal die bespreking ingelei het; en die eenparige besluit van die Raad in dié verband is geformuleer in die bewoording soos daarna aan die pers oorhandig. **Dit kom daarop neer dat die Ossewabrandwag as selfstandige Volksbeweging sy identiteit behou en voortgaan met sy gewone bedrywighede; maar hy rig ook 'n ernstige versoek tot al sy lede wat geen gewetensbesware teen lidmaatskap van 'n party het nie, om aan te sluit by die partypolitieke flank van die huidige regering, naamlik die Afrikanerparty, wat intussen 'n politieke tuiste aan O.B.-lede gebied het.**

### GAAN VOORT

Uit die besprekings was dit duidelik dat die Grootraad die Beweging wil aanpas by huidige landsomstandighede sover dit strook met sy reeds verklaarde beleidsbeginsels. Dit bring ook mee dat hy sy lede aanrai om in te skakel by die volle politieke, ekonomiese, kulturele en algemene volkstryd van die nasionale Afrikanerdom, sover as wat aan hulle die geleentheid gegee word om dit te doen sonder verbreking van hulle eed van trou geneem in die Beweging. **Verder sal voortgegaan word met die huldiging van die republikeinse ideaal, met die oog op die vorming van 'n volwaardig-selfstandige, nasionale en Christelike, blanke volkstaat in Suid-Afrika. Die Ossewabrandwag sal voortgaan om sy beleidsbeginsels te verbrei ten einde groter nasionale eenheid en vryheid vir land en volk in Suid-Afrika te bekom, om tegelyk regverdige en billike oplossing van rasse- en ander landsvraagstukke te help bereik, asook 'n positiewe wal te werp teen alle ondermynende praktyke en ideologie van die Kommunisme.**

### ORGANISASIE

Ten opsigte van organisasie is besluit as volg:

Die Ossewabrandwag behou die algemene organisasievorm soos hy in die afgelope jaar begin ontwikkel het, d.w.s. volgens die kleinkommando-beginsel, aangepas by lokale vereistes en omstandighede soos deur Gebiedshoofde gereël.

**Voortaan sal besondere nadruk gelê word op die Boerejeug, wat as selfstandige vertakking van die Beweging los van politieke party-oorwegings sal ontwikkel; en wat, waar moontlik, tot gemeenskaplike optrede met die Voortrekkers en ander bevriende jeugorganisasies sal bydra soos goedgekeur deur die Jeugleier.**

### O.B.-WAG

Verder sal besondere nadruk val op die organisering van die O.B.-Wag vir die meer aktivistiese deel van die volwasse lede, beide manne en vroue. 'n Vroue-Wag, georganiseer langs eie lyne en los van die Wag vir mans, sal totstand gebring word.

'n Duidelike prosedure vir die oor-en-weer skakeling van Jeug en Wag sal neergelê word.

Ander lede van die Beweging wat, om welke rede ookal, nie direk by die organisasie van Jeug of Wag betrokke is nie, staan bekend as gewone lede kragtens hulle jaarliks opbetaalde lidmaatskap en deelname aan die aktiwiteite van die gewone organisasie. Hulle word soos gewoonlik saamgetrek in Kleinkommando's.

### PROGRAM VAN AKSIE

Ook is 'n Voorstel aangaande programme van aksie aangeneem, besonderhede waarvan aan kommando's gestuur sal word. In die algemeen word van elke lid verwag om voortdurend by te dra tot die vorming, uitbreiding en bestendiging van 'n blywende O.B.-kameraadskap. Hierin lê die waarborg van dieper eenheidskrag van 'n ware volksbeweging wat wesenlik deur geen tydelike faktore verbreek of vernietig sal kan word nie.

Origens is die ouditeurstate asook die begrotings vir die komende jaar van die Sentrale Hoofkwartier en die Gebiedskwartiere deur die Stafhoof van die Sentrale Hoofkwartier, genl. P. W. Buys, voorgelê; dit is bespreek en goedgekeur.

Op die vergadering is 'n pragtige adres aan oud-hoofgenl. ds. S. J. Stander, vroeër jare lank voorsitter van die Grootraad, aangebied. Hy het gepas daarop geantwoord.

Vir die komende jaar is hoofgenl. D. J. van Rooy tot voorsitter en oud-genl. Jan C. J. van der Westhuysen (vroeër van die Rand, nou van Pretoria) tot sekretaris van die Grootraad benoem.

## Die O.B. Na Nederland

**Nog twee persone het ingestaan vir die versending van Die O.B. na Nederland. Mev. E. S. Burger van Kakamas het £1 5s. gestuur (twee eksemplare) en 'n sakeman van Kaapstad 12/6. Die O.B. word na Nederland gestuur om die standpunt van die O.B., waaroor daar die afgelope tyd verskeie navrae uit Nederland ontvang is, bekend te stel.**

## Maak Gereed Vir Funksie

**Die Ossewabrandwag van Uitenhage, Despatch en omgewing tref reeds voorbereidings om hul funksie wat in September gehou word, 'n groot sukses te maak.**

Met die oog op gesellige verkeer en om fondse in te samel hou die Brandwagte elke veertien dae 'n gesellige byeenkoms. Die byeenkomste word al meer en meer gewild. Die jongste byeenkoms is ten huise van Brandwag J. J. Hartman gehou. Die vasvrae-wedstryd het groot byval gevind.

Die aanwesiges is aangenaam verras deur stafhoof P. M. du Plessis wat sy opwagting gemaak het en 'n besielende rede gehou het. (Korr.)

## 'n Nuwe Soort Kontaklens

Oog spesialiteite het 'n nuwe kontaklens ontwerp wat alleen die horingvlies van die oog bedek en deur trane op sy plek gehou word. Die gewone kontaklens bedek die hele oog en moet deur kunsmatige vloeistof klam gehou word om wrywing uit te skakel. Die nuwe kontaklens word uit plastiese stof vervaardig en kleef aan die oog vas vanweë die aantrekkingskrag wat dit vir trane het.

Die lens is nog maar in die proef-stadium en word deur dertig persone gedra om dit uit te toets.

## OSSEWAFEES

'n Groot fees ter herdenking van die Ossewatrek word op Saterdag, 7 Augustus, in Oos-Londen gehou. Dit vind plaas onder beskerming van die A.T.K.V. en verskillende organisasies sal aan die feesvierings deelneem.

Ds. J. G. F. van Rooyen sal optree as feesredenaar.

## KOMMUNISTE IN AFRIKA BEDRYWIG

Die gevaar van Kommuniste in Oos-Afrika is die jongste tyd meer en meer beklemtoon as gevolg van hul merkbare bedrywigheid in daardie deel van Afrika.

In 'n toespraak het die leier van die setlaars in Kenia, sir Alfred Vincent, verklaar dat dit voorkom of die mense die bedreiging van die Kommuniste onderskat. Hy het die inwoners aangemaan om hulle voor te berei vir die stryd. **Die O.B. het 'n paar jaar gelede al berig dat Moskou 'n baie sterk hoofkwartier in Abessinië ingerig het vir propaganda in Midde-Afrika.**

## Immigrante

'n Nuwe besending immigrante, altesaam 900, het die afgelope week in Kaapstad aangekom. Onder die passasiers was 'n besonder hoë aantal getroudes en kinders.

# ROOIES REGEER KAAPSTAD

**Terwyl die Kommunistiese Party in Kaapstad oënskynlik onbeduidend is wat sy ledetal betref, is daar tussen nege en twaalf Kommuniste of Kommunistiesgesinde persone in die stadsraad wat die plaaslike beleid in hul rigting beïnvloed en die besprekings van die raad gebruik as platform vir hul evangelie. Onder hulle is daar minstens drie vooraanstaande lede van die party, onder wie Sam Kahn.**

Van die linkse elemente is ook voorsitters van die staande komitees van die raad en verskeie van hierdie elemente is saam gegroepeer in meer as een van die komitees sodat hulle in staat is om die deurslag te gee as die regse groep onderling verskil. Dit is juis hier waar hulle hul laat geld. Daar is haas geen komitee waarop hulle nie verteenwoordig is nie.

Die stadsraad bestaan uit 45 lede. Twee hiervan is nie-blankes, van wie een aan die Indiër-versetbeweging in Durban deelgeneem het. **Die linkse groep — en daar is raadslede wat meen dat hulle twaalf is — vorm dus enigiets van een-vyfde tot 'n kwart van die ledetal van die stadsraad. Deurdat hulle in sleutelposisies geplaas is, is hulle in staat om die saak van die Kommuniste aansienlik te bevorder.**

Baie lede van die stadsraad voel verontrus oor die invloed van die Kommuniste en onder leiding van mnr. W. James het so pas 'n beweging binne die geledere van die raad ontstaan wat hom sal beywer vir die uitwerping en teenwerking van die Kommuniste.

**Dit is veral gedurende die oorlogsjare toe die Kommuniste onder die beskerming van die vorige regering geneem is, dat hulle hul so in die stadsraad ingegrawe het.**

## Nuwe Gesant In Holland

In die plek van prof. Leo Fouché wat onlangs deur veldm. Smuts as Unie-gesant in Nederland aangestel is en deur die nuwe regering teruggeroep is, is dr. J. H. O. du Plessis aangestel. Daar is destyds baie beswaar aangeteken teen die aanstelling van prof. Fouché omdat dit 'n party-politieke aanstelling sou wees. Dr. Du Plessis is redakteur van Die Volksblad, H.N.P.-orgaan in die Vrystaat.

# WESTE VAL STALIN PERSOONLIK TE VOET

**Na herhaalde pogings van die afgevaardigdes van die Weste om met Stalin te gesels oor die Russiese blokkade in Berlyn, het Stalin hulle eergister ter woord gestaan, nadat hy hulle ure laat wag het, berig Sapa-Reuter.**

**Molotov, Russiese minister van buitelandse sake, het die besprekings wat twee uur lank geduur het bygewoon. Die Weste sou aangebied het om die hele Duitse vraagstuk in konferensie te bespreek.**

**Die oë van die Weste is sedert die middel van verlede week afgetrek van Berlyn en toegespits op Moskou waar drie gesante van Frankryk, V.S.A. en Brittanje sedert Donderdag probeer om met die Russiese regering te onderhandel en die Berlynse geskil op te los.**

Nadat die afvaardiging dae lank probeer het om Molotof, Russiese minister van buitelandse sake, te spreek, en herhaaldelik tevrede moes wees met die antwoord dat die Rus „uitstedig" is, het Molotof hom die naweek verwerdig om die Westerse afgevaardiges afsonderlik te spreek. Die besprekings het niks opgelewer nie.

Die Weste het opnuut sy vasberadenheid te kenne gegee om nie deur Rusland uit Berlyn gedryf te word nie. **Britse minister Bevin het ook verklaar dat die Berlynse krisis kan uitloop op geweld-optrede.** In diplomatieke kringe is Bevin se toespraak beskou as vingerwysing vir Rusland dat hy op oorlog afstuur.


** Verkrygbaar per Augustus 1948 **

## „BOOK OF 40 HOUSE PLANS FOR S.A. BUILDERS"

**by J. H. Felix, A.I.A.A.**

**TEEN £0 10s. 6d. ELK POSVRY**

- **Planne vir enige van die huise beskryf in bostaande boek kan bestel word teen pryse aangegee in die boek.**

***KOEPON***

*MNR. J. H. FELIX, A.I.A.A.,*
*POSBS 170,*
*BRAKPAN.*

*Waarde Heer,*
*Stuur my asseblief ........... eksemplare van U boek „Book of 40 House Plans for S.A. Builders" by J. H. Felix, A.I.A.A.*

*NAAM (in blokletters)........................*
*POSADRES ........................*
*........................*
*........................*

4/8/4